

Dinsdag 14 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 24:1-23

Fokusgedeelte: 1 Samuel 24:11

### Die G(g)esalfde van die Here

Vanuit menslike oogpunt het Dawid hier 'n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om vir eens en vir altyd met Saul af te reken. Hy sou seker die volste reg daartoe gehad het om Saul dood te maak. Die geskiedenis wys hoedat Saul Dawid onskuldig wou doodmaak. Saul was jaloers omdat hy geweet het die Here het hom as koning verwerp en Dawid gekies.

As mens net na die omstandighede kyk, lyk dit asof die Here Saul in Dawid se hand oorgee. Die manskappe het Dawid ook aangepor om sy hand teen die Here se gesalfde te lig. Dawid het egter die dieper insig in die situasie gehad. Daarom: *Ek sal my hand nie teen my koning oplik nie, want hy is die gesalfde van die Here* (vs 11). Wat beteken dit om *gesalfde van die Here* te wees? In Hebreeus is dit die woord "Messias". Die woord beteken:

- Afsondering vir God se diens (Lev. 8:12).
- Dit is God se gesalfde en moet daarom gerespekteer word (2 Sam. 12:7).
- Die Heilige Gees werk in God se gesalfde (1 Sam. 10:10; 16:13).
- Gesalfde van God is afbeelding van die Messias, Jesus Christus (Jes. 9:1-7; 11:1-5).

Die salwing het met 'n spesiale salfmengsel plaasgevind en het die werk van die Heilige Gees gesimboliseer. Die voorskrifte van die salfolie lees ons in Eksodus 30:22-33. Om gesalfde van die Here te wees, het groot verantwoordelikheid ingehou en hy moes tot God se eer optree. Profete, priesters en konings is tot hulle dienswerk gesalf.

Vandag het ons nie meer gesalfdes in daardie sin van die woord nie. Tog kry ons die beginsel terug in ons onderskeie ampte in die kerk. Predikant (profeet), diaken (priester) en ouderling (koning). Hulle word deur God geroep en bevestig in sy diens. In die verskeie bevestigingsformuliere kry ons hulle opdragte. Teenoor God se ampsdraers moet met die nodige respek opgetree word; ons moet hulle eer ter wille van hulle roeping.

Uiteindelik wys alles heen na Jesus, die Gesalfde van die Here. Hy is deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ewige Koning. As gelowige het ek ook deel aan sy salwing en word dus geroep om as gesalfde te leef (HK So. 12).

Sing: Psalm 2-1:1, 6

Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)